


© Die Oratorium Uitgewery

# St. Scholastica
# 10 Februarie

(cc 480-543)

Sy was die suster van die heilige Benedictus Van Nursia. Omtrent al wat ons oor haar lewe weet kom uit die stuk wat die heilige pous Gregorius in sy Dialoë oor haar geskryf het. Sy het blykbaar op 'n jeugdige ouderdom al besluit om haarself aan die Here toe te wy. Sy word beskou as die eerste Benediktynse non omdat sy naby die abdy, wat hy by Monte Cassino gestig het, gaan woon het en daar die kloosterlewe gelei het. Hulle het mekaar eenmaal 'n jaar ontmoet en groot vreugde daaruit geput om oor die dinge van God te praat. Sy sterf kort ná hul laaste ontmoeting. Haar broer is, volgens sy wens, later in haar graf begrawe.